

**28 Desember**

**Skrifgedeelte: Daniël 3**

**Fokusgedeelte: Daniël 3:18**

### **Selfs al sou God nie!**

*Selfs al sou God nie ...* Kom ons noem hierdie gesindheid van Sadrag Mesag en Abednego 'n halsstarrige geloof. God het die mag om die uitkoms te gee en om te red, maar selfs al sou Hy nie ...

Hierdie manne het nie van die God van die verbond 'n God van voorspoed gemaak nie. Hulle het verstaan dat die geloof nie net 'n kontrak is nie. Ons dien Hom sodat Hy ons kan help, vir ons kan sorg en gee wat nodig is. Verstaan jy ook dat dit met God om iets meer gaan? As daar teëspoed kom, slegte nuus, siekte, bankrotskap, afdanking, die dood, kan jy sê: "Selfs al gaan God nie my gebed verhoor soos ek dit so bitter graag wil hê nie ...?"

U sien, in die geloof gaan dit nie eerstens om ons ontwil nie, maar om sy ontwil. Sy eer en heerlijkheid is op die spel. As ons maar soos 'n kind kan sê: "Wat Hy doen, is reg .." Dit beteken volkome vertrouwe en getrouheid aan Hom, al is dit ten koste van my belang en selfs my lewe. Laat u wil geskied ... Die diepte van ons geloof lê daarin dat dit vir ons werklik om God gaan. Dan ontdek jy in hierdie dieptepunt dat dit uiteindelik wel om my ontwil was. Om my ontwil het Christus gekom. Om my ontwil het Hy gesterf ...

As jy uiteindelik die littekens tel, dan beseef jy dit is nie die letsels van 'n tiran se sweepslae nie – dit is die grypmerke van 'n Vader wat sy kind telkens van die vuur af weggeruk het!

*Dr CJ Smit (Noordbrug)*